

Wakker geskud vir bouwerk

Miskien het jy ook al 'n slag in die nag skielik helder wakker geword en 'n idee het hier in jou hart kom lê. Jy weet skielik wat jy moet doen om jou besigheid se wins baie groter te maak, of jy weet skielik wat nodig is om te doen in die opbou van julle gemeente. En wanneer jy opstaan, het jy sekerheid om te gaan doen wat in jou hart opgekom het.

Wanneer God iets gedoen wil hê om sy beloftes waar te maak of om sy verlossingsplan met die wêreld tot uitvoer te bring, skud Hy ook mense wakker. Hy skud die koning van Persië in sy hart wakker met 'n voorneme om in Jerusalem vir die God van die volk Israel 'n tempel te laat bou. Die Here herinner Kores daaraan dat Hy die God in die hemel is wat die volke van die wêreld gegee het, en daarom staan hy in die diens van God. God wil sy huis, of sy tempel in Jerusalem laat herbou, en daarom lê hy dit in die hart van Kores om daarvoor te sorg. Vir God is die herstel van die tempel in Jerusalem belangrik, want alleen langs dié weg wil Hy sy verbond vervul.

So profeteer Maleagi: “Ek gaan nou my boodskapper stuur, Hy sal die pad voor My uit regmaak, en dan sal die Here na Wie julle soek, skielik na sy tempel toe kom” (Mal. 3:1). En wanneer Jesus later in die tempel staan, hoor ons Hom verklaar: “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig” (Joh. 2:19). Met “hierdie tempel” het Hy egter sy lig-gaam bedoel (Joh. 2:21). Hy het sy liggaam vir ons gebreek aan die kruis om vir ons skuld en sondes te betaal en ons met God te versoen.

Wanneer Hy uit die dood uit opstaan, gee Hy aan sy dissipels die opdrag om die evan-gelie van bekering en vergifnis van sondes te verkondig van Jerusalem af verder tot die eindes van die aarde (Mark. 16:16). So wou Jesus sy nuwe “tempel” (sy kerk) bou.

Jy deel deur jou geloof in Jesus Christus die eer om in die gebou van God (sy nuwe tempel) as 'n lewende steen ingebou te wees (1 Pet. 2:7). Jy word deur ons Here wakker geskud om ook 'n tempelbouer te wees. Ons Here wil jou in jou hart wakker skud en jou die skoene van bereidheid laat aantrek, naamlik die bereidheid vir die evangelie van vrede.

Onthou vandag die woordjie “bereidheid”. Wees bereid om bouwerk in die koninkryk van God te doen, want so wil God sy belofte van 'n nuwe Jerusalem vervul. As sy “tempel” op aarde volledig klaar gebou is en die laaste lewende steen op die hoeksteen Jesus deur die geloof ingemessel is, dan daal die nuwe Jerusalem op aarde neer. Daarin sal nie meer 'n tempel gevind word nie, want sy “tempel” – die verlose gelowiges – sal voltallig voor Hom staan (Op. 21:22).

Sing: Psalm 116:9, 10

Ds. DJ (Daan) Bakker (Boksburg)